PUBLIEKE KENNISGEWING

IMPLEMENTERING VAN VLAK 3 WATERBEPERKINGS EN VERLAAGDE WATERTARIEWE

Swartland Munisipaliteit het vlak 3 waterbeperkings goedgekeur met ingang vanaf 14 Desember 2018 tot verdere kennisgewing.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP ALLE KLIëNTE

- Die natmaak/besproeiing (met drinkwater vanuit die munisipale stelsel) van tuine, grasperke, blombeddings en ander plante, groentetuine, sportvelde, parke en ander oop ruimtes word toegelaat slegs op Dinsdae, Donderdae en Saterdae voor 09:00 en na 18:00 en slegs indien van ‘n tuinslang met ‘n outomatiese selfsluitmeganisme gebruik gemaak word, of van ‘n emmer of watergieter. Die gebruik van outomatiese besproeiingstelsels word verbied.
- Gholfbane (slegs ten opsigte van setperke), skole, opvoedkundige instellings, kwekerye en kliënte gemoeid met landbou-aktiwiteite word vrygestel van bogenoemde beperking, maar word aangemoedig om water spaarsamig te gebruik. Waar moontlik, moet van alternatiewe bronne gebruik gemaak word.
- Alle eiendomme waar alternatiewe, nie-drinkbare waterbronne gebruik word (bv. opgevangde reënwater, gryswater vir hergebruik, behandelde afvloei, fonteinwater, syfergate en boorgate) moet seker maak dat toepaslike kennisgewings aangebring word wat duidelik sigbaar is vanaf ‘n publieke deurgang.
- Die gebruik van drinkwater om harde of geplaveide areas af te spuit is verbode. Gebruikers, soos abattoirs, voedselvervaardigingsindustrieë, industrieë/kontrakteurs wat water gebruik om vir verfwerk of soortgelyke behandelings voor te berei, sorgfasiliteite en diereskuilings word vrygestel van hierdie beperking, met die voorbehoud dat (1) geen watertoestelle onbeman gelaat mag word wanneer dit nie in gebruik of afgeskakel is nie, en (2) alle tuinslange toegerus moet wees met ‘n outomatiese selfsluitmeganisme en/of hoëdruk spuitmeganisme (WAP). Die gebruik van hoëdruk spuitmeganismes (WAP) is verpligtend indien water gebruik word om vir verfwerk of soortgelyke behandelings voor te berei.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP RESIDENSIëLE KLIëNTE

- Die was van voertuie en bote (met drinkwater) word toegelaat slegs indien ‘n emmer gebruik word.
- Van alle inwoners word vereis om in totaal nie meer as 105 liter munisipale drinkwater per persoon per dag te gebruik nie, ongeag of u u by die huis, werk of elders bevind.
- Die opvul van swembaddens is slegs toelaatbaar indien die swembad ‘n bedekking het. Geen outomatiese opvulsisteme word toegelaat nie. Nuwe swembaddens mag slegs met alternatiewe, nie-drinkbare bronne gevul word.
- Die gebruik van draagbare speelswembaddens (*portable pools*) en glip & gly (*slip & slide*) opblaasbare toerusting word verbied, tensy alternatiewe waterbronne gebruik word.
- Kliënte word ten sterkste aangemoedig om waterdoeltreffende onderdele, toebehore en tegnologie te installeer om waterverbruik by krane, stortkoppe en ander loodgieterskomponente te beperk.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP NIE-RESIDENSIëLE KLIëNTE

- Kommersiële motorwasbesighede moet voldoen aan beste praktyk industrienorme vir watergebruik vir elke motor wat gewas word.
- Informele motorwasbedrywe mag slegs emmers gebruik en nie tuinslange nie.
- Die gebruik van pasgemaakte bedekkings vir publieke swembaddens word sterk aanbeveel indien prakties moontlik.
- Outomatiese opvulsisteme vir swembaddens word nie toegelaat nie.
- Gholfbane, sportfasiliteite, parke, skole en opvoedkundige instellings mag nie nuwe tuine uitlê (landskapering doen) of sportvelde aanlê nie, behalwe indien dit slegs met nie-drinkbare water besproei word.

BOETES

Versuim om enige van die bogemelde beperkings na te kom, behels ‘n misdryf ingevolge die Munisipaliteit se Verordening insake Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Industriële Afvloei, 2014. Die beskuldigde is stafbaar met ‘n boete ter erkenning van skuld van R2 000,00 en/of, ooreenkomstig artikel 69(3), die installering van ‘n *Aqualoc*-watermeter of enige ander beperkende meganisme (wat daaglike waterverbruik reguleer) op persele waar die nie-nakoming plaasvind. Die kostes daarvan sal teen die relevante rekeninghouer se rekening gehef word.

VRYSTELLINGS

Kliënte met spesiale behoeftes mag aansoek doen om vrystelling van die waterbeperkings. Besoek ons webwerf (www.swartland.org.za) om die aansoekvorm te bekom.
Neem egter kennis dat vrystellings wat onder die vlak 5 en vlak 6 beperkings verleen is, geldig bly.

IMPLEMENTERING VAN VERLAAGDE WATERTARIEWE/...

IMPLEMENTERING VAN VERLAAGDE WATERTARIEWE

Die volgende tariewe sal geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekening wat gedurende Januarie 2019 aan verbruikers gelewer word vir betaling teen 31 Januarie 2019:

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers:

	Tarief per eenheid (kl)	
0 - 4 kl	R	5.13 plus BTW
5 - 10 kl	R	8.80 plus BTW
11 - 15 kl	R	16.06 plus BTW
16 - 20 kl	R	16.61 plus BTW
21 - 25 kl	R	30.18 plus BTW
26 - 50 kl	R	62.90 plus BTW
51 kl & meer	R	86.80 plus BTW

Ten opsigte van besighede:
R22.00 plus BTW vanaf die 1ste kiloliter verbruik

Ten opsigte van skole, regeringsinstellings en sportklubs:
R23.32 plus BTW vanaf die 1ste kiloliter verbruik

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER **Desember 2018**